



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

# **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2012**

**DANSSTUDIES**

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

---

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A:	GESKIEDENIS
AFDELING B:	MUSIEK
AFDELING C:	ANATOMIE EN GESONDHEIDSORG

2. Lees die hele vraestel noukeurig deur, voordat jy dit beantwoord.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Laat DRIE reëls na elke VRAAG oop.
5. Begin ELKE AFDELING op 'n NUWE bladsy.
6. Die punte word NIE volgens die beginsel van 'een punt per een feit' toegeken NIE, maar volgens die gehalte van jou antwoord.
7. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: GESKIEDENIS****VRAAG 1**

- 1.1 Gee 'n kort definisie oor jou mening wat choreografie is. (1)
- 1.2 Verduidelik hoe jy in graad 11 met jou choreografie-danswerk te werk sal gaan. (3)
- 1.3 Soos jy vir jou graad 11-choreografie projek voorberei, verduidelik hoe jy dink wat die mees uitdagende aspekte sal wees. (3)
- 1.4 Verbeeld jou dat jy in jou joernaal skryf. Verduidelik hoe jy dink improvisasielesse met jou choreografie kan help. (3)
- 1.5 Is die bewerings hieronder WAAR of ONWAAR? Skryf net die korrekte antwoord langs die toepaslike nommer.
- 1.5.1 'n Danser doen die verhooggrimering en kan ook karaktergrimering doen wat nodig is om 'n rol te speel, bv. die van 'n leeu of 'n heks. (1)
- 1.5.2 'n Choreograaf voer die bewegingsreeks uit wat deur die choreografe geskep word. (1)
- 1.5.3 'n Kostuumontwerper is die persoon wat die uitrustings ontwerp wat deur die kunstenaars gedra word. Dit mag maskers en ander rekwisiete insluit. Gewoonlik het hulle 'n span om te help om die kostuums te maak. (1)
- 1.5.4 'n Komponis beplan die musiek en skryf dit in notasie vorm sodat dit deur die musikante gelees kan word. (1)
- 1.5.5 'n Grimeerkunstenaar skep die bewegingsreeks wat deur die dansers uitgevoer word en werk soms saam met die dansers om dit te bereik. (1)

**[15]**

**VRAAG 2**

Kies EEN van die voorgeskrewe INTERNASIONALE CHOREOGRAWAWE en hul danswerk wat jy hierdie jaar bestudeer het van die lys hieronder en SKRYF 'n BRIEF aan 'n vriend/vriendin waarin jy hom/haar daarvan vertel. Sluit die volgende inligting in:

- 2.1 Gee die naam van die choreograaf en waar hy/sy vandaan kom. (1)
- 2.2 Die choreograaf se dansloopbaan en opleiding. (3)
- 2.3 Noem sommige van die danswerke wat gechoreografeer is. (3)
- 2.4 Gee die naam van EEN danswerk en bespreek die storie/tema van die danswerk. (5)
- 2.5 Beskryf kortliks die styl van die danswerk. (2)
- 2.6 Wat gebruik die choreograaf as inspirasie vir sy/haar werk? (3)
- 2.7 Wat is die choreograaf se bydra tot dans? (3)
- [20]**

**HIERONDER IS DIE VOORGESKREWE CHOREOGRAWAWE EN HUL DANSWERKE**

<b>SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWAWE</b>	<b>DANSWERKE</b>
Veronica Paeper	<i>Orpheus in the Underworld</i>
Vincent Mantsoe	<i>Gula Matari</i>
Alfred Hinkel	<i>Last Dance (Bolero)</i>
Sylvia Glasser	<i>Tranceformations</i>
Gary Gordon	<i>Bessie's Head</i>
Mavis Becker	<i>Flamenco de Africa</i>
Hazel Acosta	<i>Blood Wedding</i>
Carolyn Holden	<i>Imagenes/Blood Wedding</i>
<b>INTERNASIONALE CHOREOGRAWAWE</b>	<b>DANSWERKE</b>
George Balanchine	<i>Apollo of Agon</i>
Alvin Ailey	<i>Revelations</i>
Martha Graham	<i>Appalachian Spring of Lamentation</i>
Christopher Bruce	<i>Ghost Dancers of Rooster</i>
Marius Petipa en Lev Ivanov	<i>Swan Lake</i>
Vaslav Nijinsky	<i>Le Sacre du Printemps</i>
Paul Taylor	<i>Esplanade</i>

**VRAAG 3**

In hierdie vraag mag jy **NIE** oor 'n dans van die voorgeskrewe lys skryf **NIE**.

In LU4 het jy 'n kruis-kulturele/inheemse dans geleer wat deel uit maak van jou PAT. Voorsien die volgende inligting:

3.1 Pas die gewone elemente in KOLOM A met die korrekte antwoord in KOLOM B.

	KOLOM A		KOLOM B
3.1.1	Vuur	A	Bewegings word ritmies herhaal, wat bydra om hul krag te versterk
3.1.2	Liggaamsversierings	B	Dromme, dreunsang, sang, hande klap, voet stampe
3.1.3	Sirkel	C	Maskers, vere, gras, kostuums, gekleurde stene en skulpe, gevefde gesigte en liggame
3.1.4	Klanke	D	Verskaf lig en is 'n fokuspunt.
3.1.5	Ritmiese herhaling	E	Skep 'n gevoel van gemeenskap, almal kyk na mekaar. Draai dikwels om iets – vuur, put, paal of persoon

(5)

3.2 Wat is simbolisme? Gee EEN voorbeeld in dans. (2)

3.3 Wat is 'n ritueel? Gee EEN voorbeeld. (2)

3.4 Wat is 'n gedaante veranderende ritueel? Gee EEN voorbeeld. (2)

3.5 Hoe sal jy 'n Afrika-dansvorm herken? (4)

3.6 Gee sommige van die lokomotiewe bewegings wat in Afrika-dans gebruik word. (5)

**[20]****VRAAG 4**

4.1 Lys TWEE verskillende dansvorms. (2)

4.2 Watter faktore kan bydra tot die verskille in die dansvorms? (3)

4.3 Jou klas moet 'n aand van vermaak by jou skool beplan en produseer om die verskillende vorme van dans wat in Suid-Afrika gevind word, te vier.

4.3.1 Gee die aand 'n toepaslike naam. (1)

4.3.2 Lys ander rolspelers wat jy nodig sal hê om jou te help met hierdie produksie en wat van hulle sal verwag word om te doen. (2)

4.3.3 Beskryf die vereistes vir die plek waarin die opvoering gaan plaasvind. (2)

4.3.4 Noem sommige van die dinge wat jy in jou begroting moet insluit. (3)

4.3.5 Stel TWEE metodes voor wat jy kan gebruik om geld in te samel vir hierdie produksie. (2)


**[15]****TOTAAL AFDELING A: 70**

## AFDELING B: MUSIEK


## VRAAG 5

5.1 Pas en verbind die instrumente in die prente hieronder met elk van die VIER musiek kategorieë wat in 5.1.1 – 5.1.4 gegee word.

A



B



C



D



E



F



- 5.1.1 Kordofone — gee TWEE instrumente. (2)
- 5.1.2 Idiofone — gee TWEE instrumente. (2)
- 5.1.3 Aerofone (1)
- 5.1.4 Membranofone (1)

5.2 Noem EEN musiekinstrument vir elk van die volgende kategorieë:

- 5.2.1 Houtblaas-instrument (1)
- 5.2.2 Koperinstrument (1)
- 5.2.3 Slag-instrument (perkussie) (1)
- 5.2.4 Strykinstrument (1)






[10]

**VRAAG 6**

6.1 Wat beteken die volgende woorde:

- 6.1.1 Tempo (1)
- 6.1.2 Tyd (1)
- 6.1.3 Ritme (1)
- 6.1.4 Poliritme (1)
- 6.1.5 Tenoor (1)

6.2 Benoem en rangskik die volgende note in neerdalende volgorde van die grootste tot die kleinste nootwaardes:

- 6.2.1  (1)
- 6.2.2  (1)
- 6.2.3  (1)
- 6.2.4  (1)
- 6.2.5  (1)


[10]

**TOTAAL AFDELING B: 20**

**AFDELING C: ANATOMIE EN GESONDHEIDSORG**


**VRAAG 7**

7.1 Benoem die spiere A – J aangedui op die diagram hieronder:



(10)

7.2 Verskaf die volgende inligting oor die gewigte hieronder:





- 7.2.1 Noem die soort gewrig wat in A gevind word. (1)
- 7.2.2 Noem TWEE dele van die liggaam waar die gewrig gemerk A gevind kan word. (2)
- 7.2.3 Noem TWEE anatomiese bewegings wat moontlik is in gewrig A. (2)
- 7.2.4 Noem die soort gewrig wat in B gevind word. (1)
- 7.2.5 Noem TWEE dele van die liggaam waar die gewrig gemerk B gevind kan word. (2)
- 7.2.6 Noem TWEE anatomiese bewegings wat moontlik is in gewrig B. (2)

**[20]****VRAAG 8**

- 8.1 Noem die VYF voedselgroepe wat noodsaaklik is vir 'n gesonde dieet. (5)
- 8.2 Kies EEN van die DRIE stowwe (**Alkohol/Sigarette/Dwelms**) en bespreek die gevare/effekte wat daarmee gepaard gaan. (5)
- 8.3 Wat is groepsdruk? (2)
- 8.4 Noem sommige van die druk wat jou as jongmens in die gesig staar. (3)

**[15]****VRAAG 9**

- 9.1 Waarom sweet dansers gedurende oefening? (2)
- 9.2 Beskryf sommige van die faktore wat die hoeveelheid sweet gedurende oefening mag affekteer. (3)
- 9.3 Pas KOLOM A by KOLOM B. Skryf slegs die antwoord langs die toepaslike nommer.

	KOLOM A		KOLOM B
9.1.1	<b>STAMINA</b>	A	Die kapasiteit vir werk of uitmergelende aktiwiteite
9.1.2	<b>VLOEIBAARHEID</b>	B	Gelyke gewig rondom 'n sentrale punt
9.1.3	<b>ENERGIE</b>	C	Die uithouvermoë van die liggaam tydens 'n gegewe aktiwiteit.
9.1.4	<b>BALANS</b>	D	Die krag wat jou op die aarde hou
9.1.5	<b>SWAARTEKRAG</b>	E	Die vermoë om deur jou bewegings te vloei

(5)

**[15]**

**VRAAG 10**

10.1 Gebruik die korrekte woord uit die onderstaande raam om die daaropvolgende stellings te voltooi:

Knieprobleme	Krampe	Geskeurde spier
Vel wat bars	Ingroei toonnaels	
Skeenbeensplinters		Gebreekte bene

- 10.1.1 Koue spiere, te min minerale in dieet en dehidrasie is die oorsake van ... (1)
- 10.1.2 Skielike bewegings, ballistiese strekke, koue spiere, onvoldoende soepelheid, verkeerde strektegnieke is almal oorsake van ... (1)
- 10.1.3 Ongelukke as gevolg van vloere, klere, choreografie is oorsake van ... (1)
- 10.1.4 Verkeerde manier van toonnaels sny, te klein skoene is almal oorsake van ... (1)
- 10.1.5 Van draai op jou haak of bal van die voet, droë vel of vel met eelte wat geneig is tot barsting is almal oorsake van ... (1)
- 10.1.6 Ooreising, verkeerde tegniek, strukturele probleem bv. binnewaartse draaing van voete, skielike ruk- of kontakbeweging en val is almal oorsake van ... (1)
- 10.1.7 Dans op harde vloere soos bv. sement is die oorsaak van ... (1)
- 10.2 Beskryf die onmiddellike behandeling van 'n verstuiting. (4)
- 10.3 Maak 'n lys van die algemene komplikasies na 'n besering. (4)

**[15]****TOTAAL AFDELING C: 60****GROOTTOTAAL: 150**